

**Sondag 30 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: Efesiës 1:13, 14**

**Ontvang ons geloof(sekerheid) of moet ons dit verwerf?**

Oor die begrip geloof(sekerheid) is oneindig baie nagevors en geskryf. Geloof en die implikasies daarvan staan letterlik op elke bladsy van die Bybel. En tog: Hoeveel verstaan ons? Wat is geloof? Waar kom dit vandaan? Wat doen dit? Is dit gawe of opdrag?

Die ontkieming van geloof by ons word in vers 13 genoem. Ons lees, vry weergegee: *Julle het deel geword van God se (geloofs)volk toe julle die waarheid, die evangelie, gehoor en tot geloof gekom het.* Wat beteken dit om tot geloof te kom? Wel, geloof is eenvoudig om met God Drie-enig in 'n persoonlike liefdesverhouding te tree en te leef. Geloof is daardie onstuitbare, onsigbare krag, emosie, energie, liefde vir God in Christus. Van my kant begin die Godsverhouding met 'n diepe besef van eie nietigheid, verlorenheid, sonde- en skuldbesef, maar ek hoor ook die blye aankondiging van vergifnis en nuwe lewe in Christus (vs 13).

Hoe gebeur dit dat ek onstuitbaar uitreik na die Vader en Verlosser, Jesus Christus? Die antwoord staan ook in vers 13, naamlik deur die Heilige Gees wat belowe is. Die Heilige Gees het by ons ingetrek, ons harte van klip herskep en ons in verhouding met God Drie-enig geplaas. Die Gees het ons só kragdadig verander dat niemand kan twyfel dat ons nou kinders van God is nie (vs 14). Die Gees het ons *verseël*. Ons hele wese en lewe getuig daarvan. Prys God daarvoor, want so het Hy ons uitverkies voordat ons gebore was.

My geloof en ewige lewe is louter genade van die Vader, in Christus en vir ewig vas deur die Heilige Gees wat in my woon.

*Sing: Skrifberyming 1-1:1, 7*

*Dr. NP Heystek (Klasie) (emeritus)*